**21 Augustus 2022**

# FAMILIE TUISBLAD

## Jeremia 1:4-10

Daar was 'n hele klomp profete in die Bybel. En daar is heelwat van die Bybelboeke deur hulle geskryf of wat hulle storie vertel. Profete moes mense help om God se boodskap te hoor vir die wêreld waarin hulle woon – en ons het vandag steeds nodig om die boodskap te hoor.

Die roeping van Jeremia is in die boek wat sy naam dra. Saamgelees met die 2de deel van die boek (nl. Klaagliedere van Jeremia), is hierdie die langste boek in die Bybel... maar dit was nie dat Jeremia net gekla het nie! God het hom wel gebruik om met die Israeliete te praat oor hul land en die inwoners wat nie meer opgetree het soos hul aanvanklik belowe het nie.

Dis nie noodwendig altyd maklik om soos 'n profeet reguit en eerlik te sê wat jy God hoor sê nie – en vandag praat God se Gees met alle gelowiges en nie soos in die Ou Testament net deur spesifieke mense nie. Maar ons moet leer by Jeremia (al was hy maar 'n kind toe God hom gekies het), dat God ons almal – klein en groot - gebruik om die waarheid reguit en eerlik te praat.

**Lees: Jeremia 1:4-10 Jeremia word as profeet geroep**

**Gesels:**

- Dink julle daar is vandag nog profete in hierdie wêreld?
- Dink julle Jeremia kon dit as 'n verskoning gebruik dat hy maar net 'n kind was en nog te klein om vir die wêreld te gaan sê hoe God graag wil hê ons moet optree?
- Is jy soms bang om in 'n situasie te sê wat reg is – omdat jy bang is ander mense gaan jou spot of uitlag of iets leliks sê?

**Bid**:
Vader, dankie dat U profete gestuur het deur die eeue om ons te laat hoor wat u hart vir die wêreld is as ons bietjie vergeet het. Gee ons die moed om ook eerlik te sê wat reg is voor mense. Amen

**Doen**:
Volg die skakel en kyk bietjie wie was die profete in die Bybel:
https://www.youtube.com/watch?v=sumaXbjP2Kg

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **profete** op die **DinkJeug Familie App**.

**Laai die app gratis hier af:**

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za